

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die Limpopo/Mpumalanga area is grootliks klaar met hul Prime en Early Sweet en is nou besig met Flame en Tawny. Dit het baie gereën en die pakkery het tot op hede besonder stadig verloop. Boorde moet voortdurend chemies gesaniteer word om seker te maak daar ontstaan nie na-oes probleme nie.

Die Oranjerivier area het laasweek liggies begin pak, maar het eintlik eers hierdie week werklik afgeskop. Prime, Early Sweet, Flame, Arra29 en Arra30 word nou gepak. Daar was wel ligte reën in sommige areas oor die naweek en alhoewel barsies hier en daar aangemeld word op veral die Prime, is die druive eintlik baie mooi.



Flame – Oranjerivier area.

Op die stadium kry ons geredelik houers, maar die verskeping self is maar problematies. Die skip wat ons huidig laai, die Maira XL, se eerste vertrekdatum was 6 of 7 Desember. Aankoms 22 of 23 Desember. Die skip sou dus nog gedeeltelik die Kersfeesmark gehaal het. Die vertrekdatum het egter voordurend later geskuif en tans is die verwagte vertrekdatum 14 Desember. Een van die redes wat aangevoer word vir die latere vertrek is dat daar nie genoeg houers op die skip is nie. Die implikasie is dat alle vrugte op die skip eers in die na-Kersfeesperiode verkoop sal word. Die huidige aankomsdatum is 26 Desember

in Rotterdam en 28 Desember in London. Dit is bykans onmoontlik as die skip eers 14 Desember gaan vertrek.

Aankoms gaan waarskynlik dus eers laat in week 52 wees en verkope van duiwe op die boot sal eers in week 1 begin. Dit is tradisioneel wanneer die promosies begin in Engeland en Europa om die volumes te skuif. Die mark is egter tans baie leeg vir wit en rooi en almal baklei om die promosies uit te skuif. Pryse kan dus dalk effens lig maar is op die stadium baie moeilik om te voorspel. Benaderde prysverwagtinge vir die na-Nuwejaar verkope is:

Wit pitloos punnets: R130 – R150 DIP
Rooi pitloos punnets: R130 – R155 DIP
Mix punnets: R160 – R175 DIP
Wit pitloos 4,5 kg: R125 – R140 DIP
Rooi pitloos 4,5 kg: R130 – 145 DIP

Bogenoemde pryse is slegs verwagte pryse vir duiwe wat op die Maira XL kan laai. Ons glo en vertrou dat die leë marksituasie tot ons voordeel gaan wees in die week 1 en 2 verkope. Daar is egter so baie faktore wat 'n rol kan speel in die mark dat dit bitter moeilik is om te voorspel waar die pryse oor 4 weke van nou af gaan wees, vandaar die wye band van die pryse. Die swakker wisselkoers is darem ook in ons guns.

Die huidige reëlings in die Kaapse hawe veroorsaak dat die vragmotors wat die houers inneem hawe toe, dikwels lank staan. Ons het dus die besluit geneem om alle houers wat hawe toe vervoer word van 'n genset te voorsien, ten einde die koue-ketting te beskerm. Dit het uiteraard addisionele kostes tot gevolg maar die probleme wat kan ontstaan as daar 'n 3 tot 4 ure oponthoud is, is potensieel baie groter.

Dit is reeds duidelik in die vroeë gebiede dat pakmateriaal 'n probleem kan wees. Daar is geen addisionele pakmateriaal wat op kort kennisgewing by die verskaffers getrek kan word nie. Maak dus asseblief baie seker dat die nodige pakmateriaal alles bestel is en betyds afgelewer word.

Groete.

Sapex Span